**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**OCTOBER / NOVEMBER 2005**
**OKTOBER / NOVEMBER 2005**

**EKONOMIE HG**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 400**

**INSTRUKSIES**:

- Beantwoord SEWE vrae:
  - Afdeling A: Vraag 1 is verpligtend.
  - Afdeling B: Beantwoord enige TWEE vrae.
  - Afdeling C: Beantwoord enige VIER vrae.
- Lees die vrae noukeurig deur.
- Antwoorde wat die vereiste hoeveelheid gevra, oorskry, word nie nagesien nie.
- Antwoorde in loodpotlood word nie nagesien nie.
- Nommer jou vrae duidelik en korrek.
- Sit jou antwoorde netjies en sistematies uiteen.
- Beplan die lengte van jou antwoorde volgens die aantal punte wat aan elke vraag toegeken word.
- Beantwoord jou vrae puntsgewys, waar moontlik.
- ? Nie-programmeerbare sakrekenaar mag gebruik word.
- Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A
## VERPLIGTEND

### VRAAG 1
### ALGEMEEN

Dui die korrekte antwoord aan deur ? kruisie (**X**) oor die toepaslike letter op die **antwoordblad** aan die **binnekant van die omslag** van jou **antwoordboek** te trek.
Bv.

| A | ~~B~~ | C | D |
|---|---|---|---|

1.1 Die formule C + I + G + X – M is ? ______-metode om die totale ekonomiese aktiwiteit van ? land te bepaal.

A. bestedings
B. inkome
C. produksie
D. toegevoegde waarde

1.2 Bestudeer die onderstaande gegewens en bereken die BBP teen markpryse.

| | 2001 (R miljoen) |
|---|---|
| BNI teen markpryse | 942 390 |
| Primêre inkome van die res van die wêreld | 18 337 |
| Primêre inkome aan die res van die wêreld | 51 143 |
| Invoere van goedere en dienste | 264 465 |
| Uitvoere van goedere en dienste | 301 841 |

A. R909 584
B. R937 820
C. R1 012 572
D. R975 196

1.3 Die totaal van die toegevoegde waardes in die verskillende produksieprosesse is ______.

A. bruto binnelandse besteding
B. primêre inkome
C. nasionale inkome
D. produksie-inkome

1.4 Bestudeer die onderstaande tabel en gee die korrekte term vir **A**:

| | (R miljoen) |
|---|---|
| Primêre sektor | 58 455 |
| Sekondêre sektor | 154 821 |
| Tersiêre sektor | 370 074 |
| (A) | 583 350 |

A. Bruto waarde toegevoeg teen markpryse
B. Bruto waarde toegevoeg teen basiese pryse
C. Bruto waarde toegevoeg teen faktorkoste
D. Bruto binnelandse inkome

1.5 Maak gebruik van die onderstaande gegewens en bereken die BBP teen faktorkoste.

| | (R miljoen) |
|---|---|
| Vastekapitaal verbruik | 120 000 |
| Netto bedryfsurplus | 320 000 |
| Bruto bedryfsurplus | 440 000 |
| Vergoeding van werknemers | 600 000 |

A. R720 000 m
B. R1 040 000 m
C. R1 160 000 m
D. R920 000 m

1.6 Watter **een** van die volgende faktore sal ekonomiese groei in ? land verseker?


A. Sanksies teen die betrokke land
B. ? Groot bevolking
C. ? Hoë vlak van investering
D. ? Groot ekonomies bedrywige bevolking

1.7 Maak gebruik van die onderstaande gegewens en bereken die reële nasionale inkome per capita:

| | (R miljoen) |
|---|---|
| Reële nasionale inkome | 898 000 |
| Bevolking | 40 miljoen |
| Ekonomies bedrywige bevolking | 8 miljoen |


A. R22 450
B. R28 063
C. R18 708
D. R112 250

1.8 Die kurwe hieronder is ? ______.





A. totale nutkurwe
B. grensnutkurwe
C. vraagkurwe
D. aanbodkurwe

1.9 In die grafiek hieronder, indien prys = $P_1$, word ______ geïllustreer.




A. oorskotvraag
B. ? toename in aanbod
C. ewewig
D. oorskotaanbod

1.10 Die onderstaande vraagkurwe is ______.




A. volkome elasties
B. eenheidelastisiteit
C. volkome onelasties
D. relatief elasties

1.11 Die vraagkurwe het ? negatiewe helling, omdat ______.

A. as die prys van ? produk styg, meer daarvan gekoop word
B. die hoeveelheid gevra in ? direkte verhouding tot die prysverandering wissel
C. teen hoë pryse die laer inkomegroepe by die mark van ? bepaalde produk uitgesluit sal word
D. die kurwe opwaarts van links na regs loop

1.12 Watter een van die volgende faktore sal ? verandering in aanbod veroorsaak?

A. Aard van die betrokke produk
B. ? Verandering in die prys van die betrokke produk
C. ? Verskuiwing van die aanbodkurwe
D. ? Verandering in die grootte van die bedryf

1.13 Die prys waaronder ? verkoper nie wil verkoop nie, staan bekend as die ______.

A. reserweprys
B. basiese prys
C. vaste prys
D. faktorprys

1.14 ? Voorwaarde vir volmaakte mededinging is ______.

A. die manipulasie van pryse deur produsente
B. plaasvervangende produkte
C. aanbodbeperkings
D. geen voorkeurbehandeling

1.15 Die ruimtelike gebiede wat spesifieke voordele aan vervaardiging, mynbou en ander besighede bied, staan bekend as ______.

A. ruimtelike ontwikkelingsinisiatiewe
B. korridors
C. nywerheidsontwikkelingsones
D. ontwikkelingstreke

1.16 ? Kenmerk van ontwikkelende lande ten opsigte van sy ekonomiese struktuur is dat ______.

A. die meerderheid van die bevolking afhanklik is van die landbousektor
B. werkloosheidsvlakke hoog is
C. produktiwiteit hoog is
D. die reënval dikwels laag is en / of streke bergagtig is

1.17 In privaat / openbare vennootskappe verskaf die staat ten minste ______.

A. vaste kapitaal om fabrieke te bou
B. kapitaal om grondstowwe te koop en arbeiders in diens te neem
C. masjinerie en toerusting
D. infrastruktuur, soos paaie en water

1.18 ? Kenmerk van die informele sektor is ______.

A. kapitaalintensiewe produksiemetodes
B. formele opleiding
C. homogene aktiwiteite
D. die tekort aan kapitaal

1.19 Die vlak van ontwikkeling van ? land word gemeet aan die ______.

A. totale nasionale inkome
B. per capita-inkome
C. vlak van landbou-ontwikkeling
D. geletterdheidsvlak

1.20 Die instelling wat in 1983 gestig is om ekonomiese ontwikkeling in Suider Afrika te bevorder is die ______.

A. NOK
B. OBSA
C. IMF
D. OOT

1.21 Onaangetekende transaksies in die betalingsbalans word aangeteken in die ______ rekening.

A. lopende
B. kapitaaloordrag-
C. finansiële
D. amptelike

1.22 ? Eenvormige tarief op die waarde van goedere wat die grense van lidlande oorsteek, asook die saamvoeging van die inkome, word voorsien deur die ______.

A. SAOG
B. GMG
C. SADU
D. OBSA

1.23 ? Saamgestelde tarief is ? kombinasie van ______.

A. invoerbelasting en invoerkwotas
B. invoerbeperking en invoerdeposito's
C. invoerkwotas en spesifieke tariewe
D. spesifieke tariewe en ad valorem-tariewe

1.24 Watter EEN van die volgende stellings oor Suid-Afrika se handel met die buiteland is WAAR?

A. Suid-Afrika voer hoofsaaklik primêre goedere uit en voer kapitaaltoerusting in.
B. Suid-Afrika voer meer finale en intermediêre goedere uit as primêre goedere.
C. Tien persent van Suid-Afrika se BBP kom van internasionale handel.
D. Suid-Afrika voer meer goedere van die res van Afrika in as wat hy na Afrika uitvoer.

1.25 ? Nadeel van invoervervanging is ______.

A. betalingsbalansrekening-probleme
B. die aanmoediging van nuwe ondernemings
C. dat plaaslike vervaardiging ondoeltreffend kan raak
D. die verhoging van binnelandse produksie

1.26 As die Suid-Afrikaanse regering invoere beperk deur te bepaal dat slegs 10 000 van ? sekere soort motor vir ? sekere jaar ingevoer mag word, word ? stelsel van ______ toegepas.

A. uitvoersubsidies
B. invoertariewe
C. invoerdeposito's
D. invoerkwotas

1.27 Die regering se beheer oor geld wat die land verlaat, staan bekend as ______.

A. devaluasie
B. valutabeheer
C. handelsbeperkings
D. invoerbeheer

1.28 Die belastingstelsel waar die belastingbetalers min of meer in dieselfde posisie is nadat belasting betaal is as voor die betaling is ______.

A. progressief
B. proporsioneel
C. regressief
D. produktief

1.29 Belastingbetalers in dieselfde finansiële posisie moet dieselfde bedrag belasting betaal. Dit beteken die belastingstelsel moet ______ wees.

A. ekonomies
B. elasties
C. eenvoudig
D. onpartydig

1.30 ? Rede vir privatisering is om ______.

A. die belastingbasis te verklein
B. die staat se aandeel in die ekonomie te vergroot
C. staatsfondse te verkry om noodsaaklike projekte te finansier sonder om belasting te verhoog
D. om maksimum sosiale voordeel, eerder as maksimum winste, vir die privaat sektor te verseker

1.31 Die doelbewuste inmenging deur die staat in die werking van die ekonomie om dit te verbeter staan bekend as ______.

A. die staatsbegroting
B. nasionalisering
C. ekonomiese beleid
D. fiskale beleid

1.32 Beskermingsdienste en ekonomiese dienste is deel van die ______ klassifikasie van staatsbesteding.

A. funksionele
B. administratiewe
C. ekonomiese
D. geografiese

1.33 Volgens die tabel hieronder sal ? persoon wat R110 000 per jaar verdien R______belasting betaal.

| Belasbare inkome (R) | Belastingkoerse |
|---|---|
| 0 – 38 000 | 17% van elke R1 van belasbare inkome |
| 38 001 – 55 000 | R6 840 + 25% van die bedrag hoër as R38 000 |
| 55 001 – 80 000 | R11 260 + 31% van die bedrag hoër as R55 000 |
| 80 001 – 100 000 | R19 260 + 36% van die bedrag hoër as R80 000 |
| 100 001 – 215 000 | R26 660 + 39% van die bedrag hoër as R100 000 |
| 215 001 en hoër | R72 660 + 41% van die bedrag hoër as R215 000 |

A. R30 560
B. R39 000
C. R26 660
D. R10 397

1.34 Die inkome wat die staat ontvang vir goedere geproduseer of dienste gelewer, staan bekend as ______.

A. administratiewe inkome
B. kommersiële inkome
C. skenkings
D. inkome uit staatseiendom 34x3=(100)

**TOTAAL VIR AFDELING A: [100]**

AFDELING B

- Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.
- Antwoorde moet inleidings, inhoude en gevolgtrekkings hê.

**VRAAG 2**
**PRYSVORMING**

Die bevrediging van behoeftes is die motivering vir alle ekonomiese aktiwiteite. Bespreek behoeftes volledig. **[50]**

**VRAAG 3**
**EKONOMIESE ONTWIKKELING**

Meer as 50% van die Suid-Afrikaanse bevolking is verstedelik. Gauteng en die Wes-Kaap is veral hoogs verstedelikte provinsies. Bespreek verstedeliking as ? realiteit in Suid-Afrika. **[50]**

**VRAAG 4**
**INTERNASIONALE HANDEL**

Die verskillende lande in die wêreld gebruik nie almal dieselfde geldeenheid nie. Dus kan internasionale transaksies slegs deur middel van wisselkoerse plaasvind. Bespreek wisselkoerse volledig.
[Geen grafiese voorstellings is nodig nie.] **[50]**

**VRAAG 5**
**DIE STAAT**

Belasting kan beskou word as ? verpligte bydrae wat die staat op sy onderdane hef met die doel om dienste van algemene openbare belang te finansier.

Bespreek belasting op verbruik (indirekte belasting) as ? vorm van belasting wat deur die owerheid gehef word. **[50]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [100]**

## AFDELING C

- Beantwoord enige VIER vrae in hierdie afdeling.

## VRAAG 6
## NASIONALE INKOME

6.1 Bestudeer die gegewens in die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg:

**Teen heersende pryse**
**R miljoen**

| | 2001 |
|---|---|
| Vergoeding van werknemers | 455 650 |
| Netto bedryfsurplus | 283 247 |
| Vastekapitaalverbruik | 128 915 |
| **Bruto waarde toegevoeg teen faktorkoste** | **(A)** |
| Ander belasting op produksie | 21 309 |
| Ander subsidies op produksie | 2 027 |
| **Bruto waarde toegevoeg teen basiese pryse** | **(B)** |
| Belasting op produkte | 91 283 |
| Subsidies op produkte | 3 180 |
| **Bruto binnelandse produk teen markpryse** | **(C)** |

**Bron: SARB Kwartaalblad**

6.1.1 Bereken **C**. (4)

6.1.2 Subsidies het die uitwerking dat dit die markpryse van goedere en dienste ______ as hul basispryse of faktorkoste maak. (2)

6.1.3 Verduidelik die term **faktorkoste**. (2)

6.1.4 Verduidelik "Ander belasting op produksie". (2)

6.2 Verduidelik die verskil tussen nominale en reële nasionale inkomesyfers. (12)

6.3 Bespreek die monetêre oorsake van sakesiklusse in die ekonomie. (18)

6.4 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is:

6.4.1 Die bruto bedryfsurplus sluit die verbruik van vaste kapitaal uit.

6.4.2 Bruto nasionale inkome sluit primêre inkome aan die res van die wêreld in.


6.4.3 Die aansienlike verandering die afgelope honderd jaar in die Suid-Afrikaanse nasionale ekonomie is die gevolg van sikliese faktore.

6.4.4 Ekonomiese groei beteken ? verhoging van die kwantiteit van goedere en dienste in ? land oor ? tydperk.

6.4.5 Totale nasionale inkomesyfers dui aan of die verskillende groepe in ? land by ekonomiese groei baat of nie. 5x2=(10)
**[50]**

## VRAAG 7
## PRYSVORMING

7.1 Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae wat volg.




7.1.1 Veronderstel die kurwe stel ? vraagkurwe voor.

(a) Bepaal die pryselastisiteit van die vraag. (2)

(b) Gee ? voorbeeld van ? produk met ? vraagkurwe soos hierbo. (2)

(c) Beskryf die bostaande vraagkurwe. (2)

7.1.2 Veronderstel die kurwe stel die aanbodkurwe van tamaties voor.

(a) Beskryf die bostaande aanbodkurwe. (2)

(b) Dié aanbodkurwe sal waarskynlik bestaan oor die ______ termyn. (2)

7.2 Illustreer met behulp van grafieke die verskil tussen bewegings op en van die vraagkurwe. (18)

7.3 Vergelyk die volmaakte en onvolmaakte markte ten opsigte van hul belangrikste kenmerke. (12)

7.4 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is:

7.4.1 Die gebruikswaarde van ? produk word gemeet aan sy prys.

7.4.2 Die wet van dalende grensnut bepaal dat grensnut toeneem hoe meer eenhede van ? produk agtereenvolgens gebruik word.

7.4.3 Die vraag na ? produk wat baie gebruike het, neig om onelasties te wees.


7.4.4 Oorskotvraag is ? situasie in die mark wat deur lae pryse veroorsaak word.

7.4.5 Die verbruikersurplus van produkte soos vuurhoutjies en sout is hoog omdat hul pryse laag is. 5x2=(10)

**[50]**

**VRAAG 8**
**EKONOMIESE ONTWIKKELING**

8.1 Bestudeer die grafiek en beantwoord die vrae wat volg.




Bron: Stats in brief, 2002

8.1.1 In watter provinsie is die lewensverwagting by geboorte die hoogste oor die drie jare? (3)

8.1.2 Wat is jou opinie oor Suid-Afrika se gemiddelde lewensverwagting? (Verwys in jou antwoord na ontwikkeling.) (4)

8.1.3 Wat, sou jy sê, is waarskynlik die rede vir die daling in Suid-Afrika se gemiddelde lewensverwagting van 1991 tot 1996? (3)

8.2 Vyf soorte finansiële aansporings vir die daarstelling van besighede was vanaf 2001 in Suid-Afrika beskikbaar. ? Voorbeeld is die strategiesebedrywe-program. Bespreek VIER **ander** maatreëls. (24)

8.3 Onderskei tussen **ekonomiese ontwikkeling** en **ekonomiese groei**. (6)

8.4 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is:

8.4.1 Die informele sektor in Suid-Afrika behoort binne die volgende paar jaar te verdwyn.

8.4.2 Die bydrae van die informele sektor tot die BBP is onbeduidend.

8.4.3 Ontwikkelende lande voer meestal primêre goedere uit.

8.4.4 ? Stabiele wisselkoers is een van die uitstaande doelwitte van GEAR.

8.4.5 Die HOP fokus op die inwoners van die land en nie alleen op ekonomiese groei nie. 5x2=(10)

**[50]**

## VRAAG 9
## INTERNASIONALE HANDEL

9.1 Bestudeer die betalingsbalansrekening hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

KWARTAALLIKSE SYFERS
R miljoen

| | **2001** | |
|---|---|---|
| | **02** | **03** |
| **Saldo op lopende rekening** | **2 556** | **-5 769** |
| **Kapitaaloordragrekening (netto ontvangste +)** | **-96** | **-89** |
| **Saldo op finansiële rekening** | **10 363** | **-795** |
| Onaangetekende transaksies | -4 799 | 6 595 |
| **Verandering in netto goud- en ander buitelandse reserwes verskuldig aan betalingsbalans-transaksies** | **8 024** | **-58** |
| Verandering in laste met betrekking tot reserwes | -172 | 11 179 |
| STR-toewysings en waardasie-aanpassings | 946 | 11 166 |
| **Verandering in bruto goud- en ander buitelandse reserwes** | **8 798** | **22 287** |

9.1.1 Vergelyk die saldo's op die lopende rekening (kwartaal 02 en 03) deur die verskil te verduidelik. (4)

9.1.2 Verduidelik die term **waardasie-aanpassings**. (3)

9.1.3 In watter rekening sal inligting gevind word oor transaksies wat verband hou met portefeuljebeleggings? (3)

9.2 Verduidelik kortliks die DRIE komponente van Suid-Afrika se internasionale handelsbeleid. (15)

9.3 Verduidelik die verskillende vorms van ekonomiese integrasie vanaf die eenvoudige na die mees ingewikkelde vorm. (15)

9.4 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is:

9.4.1 Die balanserende item in die amptelike reserwerekening van die betalingsbalans is die voorraad goud- en ander reserwes.

9.4.2 Indien ? land ? sekere produk teen ? laer koste vervaardig as ? ander land het dit ? absolute voordeel in die produksie van so ? produk.

9.4.3 Belastingtoegewings is indirekte uitvoer-aansporingsmaatreëls.

9.4.4 Handel met die buiteland is onderhewig aan verskeie beperkinge, onder andere valutabeheer.

9.4.5 ? Probleem met beskerming is die herkenning van nywerhede wat uiteindelik hul posisie sonder beskerming sal kan handhaaf. 5x2=(10)

**[50]**

## VRAAG 10
## DIE STAAT

10.1 Belastingbeleid

BTW

AKSYNSBELASTING

DOEANEBELASTING

10.1.1 Verduidelik hoe die staat doeanebelasting kan aanwend om plaaslike bedrywe te beskerm. (4)

10.1.2 Wat sal die effek van ? hoër BTW-koers op die verbruiker wees? (3)

10.1.3 Aksynsbelasting word gehef op produkte waarvan die vraag ______ is. (3)

10.2 Een van die funksies van die staat is die beskerming van die natuurlike hulpbronne van ? land. Bespreek DRIE ander funksies van die staat. (18)

10.3 Verduidelik monetêre beleid as ? metode wat die staat kan gebruik om ekonomiese beleid uit te voer. (12)

10.4 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is:

10.4.1 ? Kenmerk van direkte belasting is dat die las van die belasting op die persoon val vir wie dit bedoel is.

10.4.2 Die heffing van kapitaalwinsbelasting verminder belastingvermyding.

10.4.3 Die opbrengs vir die staat uit indirekte belasting kan vooraf akkuraat bereken word.

10.4.4 Fiskale beleid van die staat beïnvloed die ekonomie deur middel van staatsinkome en -uitgawes.

10.4.5 Nasionalisering beteken onder andere dat die staat die eienaarskap van private ondernemings oorneem. 5x2=(10)

**[50]**

## VRAAG 11
## BELANGRIKE EKONOMIESE ONDERWERPE

Let wel:

- Hierdie vraag bestaan uit vier onderafdelings van 25 punte elk.
- Jy moet enige TWEE onderafdelings beantwoord.
- NOMMER JOU KEUSES DUIDELIK.

11.1 **ARBEIDSVERHOUDINGE**

11.1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is:

(a) Die Wet op Arbeidsverhoudinge reguleer verhoudinge tussen werkgewers en werknemers.

(b) Oormatige looneise deur vakbonde verhoog die vraag na arbeid.

(c) Voor die lede van ? vakbond staak, moet pogings aangewend word om dispute by te lê deur middel van ? bedingingsraad. 3x2=(6)

11.1.2 Die totale bevolking, asook migrasie is faktore wat die aanbod van arbeid beïnvloed. Bespreek VIER **ander** faktore wat die aanbod van arbeid in Suid-Afrika beïnvloed. (16)

11.1.3 Gee EEN funksie van die Arbeidshof (voorheen bekend as die Nywerheidshof). (3)
**[25]**

11.2 **PRODUKTIWITEIT EN WERKLOOSHEID**

11.2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is:

(a) Produktiwiteit is gelyk aan harder werk eerder as aan beter werk.

(b) Die meting van produktiwiteit bepaal nie die oorsaak van lae produktiwiteit nie.

(c) Multifaktorproduktiwiteit vergelyk uitset met die inset van beide kapitaal en arbeid. 3x2=(6)

11.2.2 ? Snelveranderende ekonomie en nie genoeg opleiding nie is oorsake van werkloosheid. Bespreek VIER **ander** oorsake. (16)

11.2.3 Omskryf die begrip **arbeidsproduktiwiteit**. (3)
**[25]**

11.3 **INFLASIE**

11.3.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is:

(a) Klein stygings van een tot drie persent in die algemene prysvlak is normaal en word nie as inflasie beskou nie.

(b) Duurder ingevoerde intermediêre produkte kan kostedrukinflasie verhoog.

(c) Die verslapping van valutabeheer is ? maatreël om inflasie te bekamp. 3x2=(6)

11.3.2 Bespreek VIER gevolge van hoë inflasiekoerse op die inkome en besparings van huishoudings. (16)

11.3.3 Verduidelik die begrip **stagflasie** kortliks. (3)
**[25]**

11.4 **STRATEGIESE HULPBRONNE IN SUID-AFRIKA**

11.4.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is:

(a) Steenkool is die belangrikste energiebron in Suid-Afrika.

(b) In Suid-Afrika bevorder Satoer toerisme.

(c) Denel is ten volle in staatsbesit. 3x2=(6)

11.4.2 Water is noodsaaklik vir die landbou-, asook die mynbousektore. Bespreek VYF ander redes vir die belangrikheid van water in Suid-Afrika. (15)

11.4.3 Verduidelik kernkrag as ? bron van energie in Suid-Afrika. (4)
**[25]**

2x25=**[25]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [200]**

**TOTAAL: 400**

**EINDE**